education
Department of Education
FREE STATE PROVINCE

VRYSTAAT DEPARTEMENT VAN ONDERWYS

GRAAD 11

REKENINGKUNDE

VRAESTEL

MAART 2018

PUNTE: 100

TYD: 1 uur

Hierdie vraestel bestaan uit 7 bladsye.

INSTRUKSIES EN INLIGTING

Lees die volgende instruksies aandagtig deur en volg dit noukeurig.

1. Beantwoord AL die vrae.
2. 'n Spesiale ANTWOORDEBOEK word verskaf waarin jy AL die vrae moet beantwoord.
3. Toon AL die bewerkings om deelpunte te verdien.
4. Jy mag 'n nieprogrammeerbare sakrekenaar gebruik.
5. Jy mag 'n donker potlood of blou/swart ink gebruik om die vrae te beantwoord.
6. Alle bewerkings moet tot EEN desimale punt getoon word, waar van toepassing.
7. Skryf netjies en leesbaar.
8. Gebruik die inligting in die tabel hieronder as 'n riglyn wanneer jy die vraestel beantwoord. Probeer om NIE daarvan af te wyk NIE.

VRAAG 1: 55 punte; 32 minute	
Onderwerp van die vraag:	**Hierdie vraag integreer:**
Begrippe en rekonsiliasies	**Finansiële rekeningkunde** Begrippe Joernale Bankversoeningstaat Krediteureversoening **Bestuur van hulpbronne** Interne kontrole

VRAAG 2: 30 punte; 18 minute	
Onderwerp van die vraag:	**Hierdie vraag integreer:**
Nota vir vaste bates en bate verkope	**Finansiële rekeningkunde** Begrippe Nota vir vaste bates Bateverkope

VRAAG 3: 15 punte; 10 minute	
Onderwerp van die vraag:	**Hierdie vraag integreer:**
Vennootskap	**Finansiële rekeningkunde** Verdelingsrekening

Kopiereg voorbehou

VRAAG 1
REKONSILIASIE EN INTERNE KONTROLE (55 punte; 32 minute)

1.1 Toon aan of die volgende stellings WAAR of ONWAAR is. Skryf slegs 'waar' of 'onwaar' langs die vraagnommer (1.1.1–1.1.3) in die ANTWOORDBOEK neer.

1.1.1 ‘n Ongunstige saldo op die Bankstaat word deur ‘n debiet aangetoon. (1)

1.1.2 ‘n Vooruitgedateerde tjek ontvang moet op die dag van ontvangs aangeteken word. (1)

1.1.3 ‘n Uitgereikte tjek wat verlore geraak het moet in die KOJ gekanselleer word. (1)

1.2 BANKVESOENINGSTAAT

Jy word voorsien met inligting rakende Delta Handelaas vir Februarie 2018.

GEVRA:

1.2.1 Voltooi die kontantjoernale vir Februarie 2018. Tel slegs die bankkolom in die kontantjoernale op. (27)

1.2.2 Stel die bankversoeningstaat op 28 Februarie 2018 op. (10)

INLIGTING:

A. Die gunstige saldo op die bankstaat beloop R175 op 28 Februarie 2018.

B. Die voorlopige totale in die joernale vir Februarie 2018 voor die versoening met die bankstaat is:

Kontantontvangstejoernaal

- Bank 30 701
- Diverse rekeninge 30 701

Kontantbetalingsjoernaal

- Bank 32 454
- Diverse rekeninge 32 454

C. Die bankstaat vir Februarie 2018, ontvang van Fox Bank is vergelyk met die kontanjoernale en die salarisjoernaal asook die bankversoeningstaat op 31 Januarie 2018. Die volgende verskille moet aangeteken word:

(i) Tjeknr. 453 vir R4 567 verskyn op die bankversoeningstaat vir Januuarie 2018 as uitstaande. ‘n Navraag toon aan dat hierdie tjek uitgereik is aan Star Rugbyklub as ‘n donasie en het verlore geraak. Die tjek is gestop en vervang met tjeknr. 475, gedateer 3 Maart 2018. Geen inskrywings is van die transaksies gemaak nie.

(ii) ‘n Krediet van vir R10 500 is van AFSA Bank ontvang. Dit is vir die vaste deposito van R10 000 wat verval het en die oorblywende bedrag was vir rente gewees.

(iii) Op 11 Februarie toon die bankstaat ‘n onbetaalde tjek vir R6 582 ontvang van ‘n debiteur, A. Nel ter vereffening van sy rekening van R7 000. Die tjek is geweier as gevolg van onvoldoende fondse. Die besigheid belas sy rekening met 12% rente per jaar vir twee maande.

(iv) ‘n Aftrekorder vir R8 000 vir die versekeringspremie van Allsure Versekeraars. Hierdie bedrag sluit die eienaar se persoonlike versekering van R2 000 in.

(v) Tjeknr. 465 aan Maluti Meubileerders uitgereik op 2 Februarie vir die aankoop van toerusting is in die Kontantbetalingsjoernaal as R4 321 aangeteken. Die bedrag wat op die tjek verskyn in die bankstaat is korrek as R4 312. Herstel die fout.

(vi) Die bankstaat toon die volgende addisionele inskrywings:
- Rente op oortrekking, R3 000
- Diensgelde, R210
- Heffing op kontantdeposito’s, R62

(vi) ‘n Deposito van R9 563 op 28 Februarie 2017 verskyn nie op die bankstaat nie.

(vii) Die volgende tjeks deur die besigheid uitgereik is nog nie by die bank aangebied vir betaling nie:

- Nr. 481 vir R5 000 (10 Februarie 2018)
- Nr. 485 vir R8 411 (29 April 2018)

(viii) ‘n Krediet vir R7 300 vir huur is deur NS Bloemiste in die lopende rekening van Delta Handelaars gedeponeer.

Kopiereg voorbehou

1.3 KREDITEUREVERSOENING EN INTERNE KONTROLE

Boipelo Handelaars koop goedere op krediet van Thungthung Verskaffers. Die besigheid het die staat vir April 2018 van die krediteur ontvang.

GEVRA:

1.3.1 Verduidelik hoe die krediteureversoeningstaat die besigheid van ondersteun in terme van interne kontrole maatreëls. Verskaf EEN rede. (2)

1.3.2 Gebruik die tabel in die ANTWOORDBOEK om aan te toon hoe die relevante saldo's sal verander wanneer die krediteure-versoening gedoen word. Dui die syfer asook 'n + vir toename en 'n – vir afname aan. Die eerste transaksie (Inligting A) is vir jou gedoen. (13)

INLIGTING:

Die volgende foute en weglatings is ontdek:

A. Boipelo handelaars was nie bewus van korting van R480 wat Thunghtung Verskaffers toegestaan het nie.

B. Thungtung Verskaffers het Boipelo Handelaars se rekening met R780 rente belas. Dit verskyn nie in die boeke van Boipelo Handelaars nie.

C. Faktuur 111 vir R27 300 verskyn foutiewelik in die rekening van Thungthung Verskaffers in die krediteuregrootboek van Boipelo Handelaars. Dit verwys na voorraad aangekoop by 'n ander verskaffer, Kamo Verskaffers.

D. Thungthung Verskaffers het faktuur 273 foutiewelik as R50 250 in plaas van R20 250 aangeteken.

E. Boipelo Handelaars het debietnota 746 as R5 760 aangeteken in plaas van R6 570.

F. Kwitansie 654 vir R84 000 was verkeerdelik in die staat van Thungthung Verskaffersrs. Hierdie transaksie hou nie verband met Boipelo Handelaars nie en sal op die staat reggemaak word

G. Thungthung Verskaffers koop goedere op krediet aan by Boipelo Handelaars. Boipelo Handelaars het 'n debietsaldo van R3 600 van die debiteuregrootboek oorgeplaas na die krediteure-grootboek. Thungthung Verskaffers het nie die transaksie geboekstaaf nie.

H. Boipelo Handelaars het debietnota 966 vir R5 400 verkeerdelik na die verkeerde kant oorgeboek.

I. Die staat ontvang van Thuthong Verskaffers toon transaksies tot en met 25 April 2018. 'n Tjek vir R94 410 verskyn nie op die staat nie.

Kopiereg voorbehou

VRAAG 2: VASTEBATENOTA EN BATEVERKOPE (30 punte; 18 minute)

Die volgende inligting verwys na Masimanga Handelaars. Die finansiële jaar eindig op 28 Februarie 2018.

GEVRA:

2.1 Noem TWEE redes waarom vastebates verkoop kan word. (2)

2.2 Verduidelik kortliks 'n vastebateregister. (2)

2.3. Stel 'n bateverkoperekening op 1 Desember 2017 op. (7)

2.4 Bereken die ontbrekende bedrae aangetoon by **(a)** tot **(f)**. (19)

INLIGTING:

A. VASTE BATES:

	GROND EN GEBOUE	VOERTUIE	TOERUS-TING
Drawaarde (1/03/2017)	**(a)**	175 000	
Kosprys		700 000	510 000
Opgehoopte waardevermindering		(525 000)	
Beweging:			
Toevoegings	500 000	**(b)**	0
Bateverkope	0	0	**(e)**
Waardevermindering		**(c)**	**(f)**
Drawaarde (28/02/2018)	1 500 000	**(d)**	
Kosprys		900 000	420 000
Opgehoopte waardevermindering			

- Die nuwe voertuig is op 1 September 2017 aangekoop. Waardevermindering op voertuie word bereken teen 20% p.j. op die verminderde saldo metode.
- Toerusting met 'n kosprys van R ? is op 1 Desember 2017 vir R52 000 kontant verkoops. Opgehoopte waardevermindering op hierdie toerusting op 1 Maart 2017 beloop R30 000. Waardevermindering op toerusting word bereken teen 10% op die kosprysmetode.

30

VRAAG 3: VENNOOTSKAPPE (15 punte; 10 minute)

Die gegewe inligting is geneem uitdie boeke van AB Handelaars op 28 Februarie 2018, die laaste dag van die finansiële jaar. (Vennote A. Watts en B. Botha).

GEVRA:

3.1 Stel die verdelingsrekening op 28 Febuarie 2018 op. (15)

INLIGTING:

SALDO'S OP 28 FEBRUARIE 2018		
		R
Kapitaal: A. Watts		450 000
Kapitaal: B. Botha		350 000
Privaatrekening: A. Watts (1/3/2017)	(Kt.)	15 000
Privaatrekening: B. Botha (1/3/2017)	(Dt.)	16 200
Onttrekkings: A. Watts		110 000
Ontrekkings: B. Botha		100 000
Wins en verlies		300 000

ADDISIONELE INLIGTING:

1. Vennoot A. Watts vermeerder sy kapitaalbydrae op 1 September 2017 met R150 000. Vennoot B. Botha verminder haar kapitaalbydrae op 28 Februarie 2018 met R50 000. Dit is behoorlik geboekstaaf.

2. Die vennootskapsooreenkoms bepaal die volgende:

   2.1 Salaris:
   - A. Watts is geregtig op R96 000 per jaar.
   - B. Botha verdien R7 000 per maand. Jaarliks op 1 Januarie verhoog haar salaris met 8%.

   2.2 Rente op kapitaal:
   - Vennote is geregtig op 10% rente op kapitaal. Neem kennis dat daar veranderinge in die kapitaalbydraes van beide vennote gedurende die jaar was. Die rentekoers het onverandert gebly.

   2.3 Bonus:
   - Vennoot A. Watts ontvang 'n bonus van R18 000.

   2.4 Verdeling van winste/verliese:
   - Winste en verliese moet gelykop verdeel word.

15

TOTAAL: 100 PUNTE